

Maandag 4 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 6:47-59; HK Sondag 1, Antwoord 1

Fokusgedeelte: Johannes 6:47

Ons troos: die Heilige Gees verseker ons van die ewige lewe

Die Heilige Gees vertroos ons deurdat Hy ons verseker dat ons ter wille van die soenverdienste van Christus deel het aan die ewige lewe.

Dat ons sekerheid oor die ewige lewe moet hê, is vir Christus van die allergrootste belang. Daarom sê Hy uitdruklik: “*Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe.*” Trouens, Hy sê dit by herhaling (vgl. Joh. 3:16; 6:40; 11:25). Die apostel Johannes, gelei deur die Heilige Gees, beskou hierdie sekerheid as só belangrik dat hy die doel van sy eerste brief soos volg aandui: “*Hierdie brief skrywe ek aan julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo*” (1 Joh. 5:13).

Hierdie en dergelike uitsprake maak die Heilige Gees deel van die kind van God se lewe, omdat Hy ons deur die geloof aan Christus verbind (vgl. Joh. 14:26; 14:16). So vind ons troos as ons op een of ander wyse met die dood gekonfronteer word. Immers: hoe goed of hoe sleg dit hier op aarde met ons mag gaan, eenmaal kom die dood onverbidlik. En sonder Christus beteken die dood die ewige straf. Christus het egter Self die dood oorwin. Daarom verseker Hy almal wat aan Hom behoort: “*Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook*” (Joh. 11:25). Daarom is die dood nou nie meer ’n vreeslike monster nie, maar slegs ’n deurgang na die ewige lewe. Daarin ervaar ons ’n vreugde wat groter is as wat ’n oog gesien, ’n oor gehoor of in die hart van die mens ooit opgekom het (1 Kor. 2:9).

Tog beteken die uitsig op en die troos van die ewige lewe nie dat ons die roeping wat God ons hier op aarde gegee het, uit die oog moet verloor nie; intendeel, ons moet hierdie roeping juis getrou vervul. Daarom sê die Kategismus ook dat Christus ons deur die Heilige Gees van harte gewillig en bereid maak om voortaan vir Hom te lewe. Daarmee word bedoel dat ons uit liefde vir en dankbaarheid teenoor Christus, wat die ewige lewe vir ons verwerf het, voortaan volgens al God se gebooie moet lewe – en omdat die Heilige Gees ons gewillig en bereid maak om sy gebooie te onderhou, is die onderhouding daarvan vir die kind van God nie moeilik nie (1 Joh. 5:3).